Suid Afrikaanse Woonwa Assosiasie

# Suikerbosrand Suikerbekkie





## SPRINGS PETS & BIRD PARK

011 811 2666

Accessories
- Pet food & Kennels
- Cat Litter
- Pet Toys & Accessories
- Fish Tanks & Accessories
- Reptile Tanks & Accessories

Pets
- Dogs
- Cats
- Assortments of Birds & Fish
- Reptiles
- Rats & Mice

Gert Wolmarans
082 374 8797

47 Geduld Road.
Next to Paul Kruger Highway, Geduld Ext. Springs

---

van Breda MOTORCYCLES
New & Pre-owned motorcycles

SUZUKI Way of Life!

BIG BOY
PIT BIKES • COMMUTERS • ATVs


**Virgie Lavos**

61/63 2nd Street, P.O. Box 701, Springs, 1560
Tel: 011 815 6726/7/8/9 Fax: 011 362 3773
A/H: 011 813 2734 Cell: 082 557 7095
vanbreda@netactive.co.za

# September 2015

INHOUDSOPGAWE

Oordenking…………………………………......1
Uit die Voorsitter se pen…………………..…2
Redaksie…………………………………......3
Bestuursinligting…………………………..4-5
Voogdelys………...……………….……...6
Seniorburgerverslag…………...……………7
Lief en leed……………………………… 8
Verjaarsdae & Huweliksherdenkings………9
Bloekompoort AJV kamp verslag…….10 - 15
Geskiedenis van Nigel Dorp……..……16 - 18
DIY (Doen Dit Jou Self)………….…19 - 20
Advertensieblad…………………………21
Knutselblad……………………………...…22
Humor…………………………………...23
Ham en Kaas Pastei Resep…...…………...24
Stukkie van Mischa………....…………..25
Smoushoekie…………………………..……26
Jaarprogram………..…………...……..27



## Romeine 10 : 9

As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opggewek het, sal gered word.

Oor geloof mag 'n mens nie stilbly nie. Wanneer jy glo, is dit nodig om jou geloof te bely sodat ander mense daarvan kan weet. Miskien kry jy dit al reg om in Jesus te glo, maar jy sukkel nog om jou geloof met ander te deel. God sal vir jou die vrymoedigheid gee om te getuig oor jou geloof. En geloof wat met belydenis gepaard gaan, is 'n flatervrye resep vir redding.

Hemelse Vader, help my asseblief om dit reg te kry om met vrymoedigheid van my geloof te getuig sodat ek ander mense vir U kan wen.

Amen

Nina Smit



# Uit die Voorsitter se pen

Dagsê vriende,

Ek wil begin om almal wat ons AJV bygewoon het te bedank ,ons het ‘n baie lekker vergadering gehad. Dankie vir die vertroue wat julle aan die bestuur stel, die streek se belange sal altyd eerste kom. Ons was bevoorreg om Sawa se Nasionale Voorsitters paar, Jannie en Alet Meyer en die Presidents paar, Nico en Sarie Spaumer in ons midde te hê. Dankie vir almal vir die insette gegee aangaande die stemmery by die Kongres.
Ek wil ons nuwe bestuurslid Mercia Combrink baie welkom heet. Ek weet ons gaan baie lekker saamwerk.
Vriende dit lyk of die leed ons nie wil los nie. Mike van der Riet het ‘n hartaanval gehad net na die AJV saamtrek en was in die hospitaal vir ‘n ruk. Hy moes drie “stents” kry maar dit gaan nou al baie beter. Bertie het ook ‘n draai in die hospitaal gemaak, maar dit gaan ook al baie beter. Daar is ook ‘n paar lede in Sawa wat diep spore getrap het wat oorlede is, naamlik oom Braam Human, oom Basson en uit die Kaap uit oom Daan Schoeman, ons dink en bid vir hulle gesinne.

Ons volgende streeks kamp is by Stable Inn in Oktober. Dit beloof om ‘n baie lekker kamp te wees. Ek wil graag almal uitnooi om die saamtrek saam met ons te kom geniet. Dit is ons “putt-putt” naweek, oom Kobie sê hy gaan weer vir die troffee baklei.

Onthou dit is nou ons nuwe boekjaar en ek wil graag almal herrinner aan die bedryfsfonds. Dit kan by Bettie inbetaal word tydens die saamtrek die. Bedrag bly dieselfde.

Hoop om almal by Stable Inn te sien.
Veilg sleep
Groete
Virgie





# Redaksie

Liewe vriende.

My eerste jaar is verby en dit is my vyfde uitgawe wat die lig sien, dit was vir my ‘n wonderlike jaar, want almal het my so goed bygestaan en my so goed ondersteun met artikels en inligting wat ek kon gebruik het in die boekie. Wil net vir ieder en elk baie dankie sê vir dit. As dit nie vir julle was nie het ek baie gesukkel om die boekie vol te maak. En ja baie dankie dat daar weer vertroue in my geplaas is om voort te gaan met die Suikerbekkie. Hoop ek kan nog ‘n jaar die boekie vir julle interessant hou maar ek weet met julle hulp sal ons saam voortbou om die boekie nog better te kan maak.

Net wil ek ook hier die geleentheid gebruik om tannie Mercia welkom te heet op die bestuur en ek weet ons gaan lekker saam werk.

En dan wil ek elkeen uitnooi om die Kerskamp November maand by te woon. Dit beloof om iets anders en iets lekkers te wees. Die tema is “ Kersfees in Hawaii ” ons het versterkings in geroep die jaar en oom Jan en tannie Daleen en Maryke is saam met ons en oom Lionel hulle kampkommendante. Hier kom ‘n ding !!

Tot volgende keer, lekker lees.
Margaret

# ***Bestuursinligting***

| Ampsdraers | Adres | Kontakbesonderhede |
|---|---|---|
| **Streeksvoorsitter**<br>Virgie Lavos<br> | Posbus 13160<br>**Geduld**, 1562 | 011 813 2734 (H)<br>011 363 3773 (F)<br>082 557 7095 (S)<br>virgie@tiscali.co.za |
| **Ondervoorsitter**<br>Johnny Randall<br> | Liebenberg<br>Straat 22<br>**Heidelberg**<br>1441 | 016 349 5661 (H)<br>084 580 8729 (S)<br>john.randall@absamail.co.za |
| **Sekretaris**<br>Jackie Lavos<br> | Posbus 13160<br>**Geduld**, 1562 | 011 813 2734 (H)<br>083 448 5831 (S)<br>virgie@tiscali.co.za |
| **Penningmeester**<br>Bettie Branken<br> | Johan vd<br>Merwe Rylaan<br>48 Visagie Park<br>1491 | 011 814 5289 (H)<br>083 230 8350 (S)<br>brankenem@telkomsa.net |



# ***Bestuursinligting***

| Ampsdraers | Adres | Kontakbesonderhede |
|---|---|---|
| **Skakelbeampte**<br>**Mercia Combrink**<br> | Johan vd<br>Merwe Rylaan<br>53 Visagie Park<br>1491 | 011 814 5496 (H)<br>072 617 6999 (S)<br>merciacombrink@gmail.com |
| **Vooraad**<br>**Dries Brandt**<br> | Krisante Straat<br>26 Visagie Park<br>Nigel<br>1690 | 011 814 6394 (H)<br>083 234 9563 (S)<br>martiebrandt1@gmail.com |
| **Redakteur**<br>**Margaret Randall**<br> | Liebenberg<br>Straat 22<br>**Heidelberg**<br>1441 | 016 349 5661 (H)<br>072 766 7025 (S)<br>mags.randall@yahoo.com |
| **Seniorburger**<br>**Verteenwoordiger**<br>**Pieter Branken**<br> | Johan vd<br>Merwe Rylaan<br>48 Visagie Park<br>1491 | 011 814 5289 (H)<br>083 785 3365 (S)<br>brankenem@telkomsa.net |

# Voogdelys

| | |
|---|---|
| Virgie en Jackie Lavos | Willie en Ilona Dreyer<br>Johan en Heila le Roux<br>Andries en Miemmie Venter<br>Gert en Erika Scheepers<br>Jan en Adri Zeelie |
| Johnny en Margaret Randall | Peter en Wilna Moore<br>Lionel en Mynah Randall<br>Ivan Randall<br>Rui en Annette Cajada<br>Klaas en Zhantell Smit |
| Pieter en Bettie Branken | Maria van Niekerk<br>Lourens en Beatrix Steyn<br>Johan en Elize van Heerden<br>Philip en Hettie Horn<br>Cookie Taljaard |
| Dries en Martie Brandt | Mike en Margaret van der Riet<br>Jan en Daleen Viljoen<br>Tinus en Daleen Strydom<br>Bertie en Wilma Herbst |
| Mercia Combrink | Toy en Marianne Kruger<br>Lukas en Annetjie van der Merwe<br>Kobie en Sophie Harmse<br>Cedric en Yolandé Strydom |





# Seniorburger Verteenwoordiger

**Seniorburgerverslag**

So breek die langverwagte naweek van die AJV uiteindelik aan. Die groot opgewondenheid was nie net oor die vergadering nie, maar ook die blommetoer wat vanaf Bloekompoort vertrek het op Sondag 9 Augustus 2015. Alhoewel dit ‘n streektoer was het 3 Suikerbosrand seniors die totaal van 9 woonwaens opgemaak.

Die toerverslag sal in die Suikerbekkie verskyn.

Die seniorburgerkamp en die AJV naweek het op die gewone trant verloop met die Bloekompoortpersoneel wat ons weer lekker bederf het.

Met die seniorburgers gaan dit oor die algemeen baie goed, ons weet nie van ernstige ongesteldhede nie.

Die volgende seniorburgerkamp vind plaas net voor die afsluiting. 11 – 12 November 2015. Almal word vriendelik uitgenooi om die jaar saam met ons af te sluit.

Tot volgende keer.

Pieter Branken

# Lief

Toy, Marianne Kruger en Pieter, Bettie Branken gaan oupa en ouma word.
Lional en Mynah Randall gaan groot oupa en ouma word.
Dries en Martie Brandt se dogter, Elma gaan trou.
Lukas en Annetjie van der Merwe se kleinseun het springbok klere in hengel gekry

*(Baie geluk.  Red.)*

# Leed

Mike van der Riet het 'n draai in die hospital gemaak met sy hart.
Bertie Herbst het ook 'n draai in die hospitaal gemaak en so ook oom Lourens Steyn.

(*Ons dink aan julle en ons bid dat julle gou sal herstel  Red.)*

# Dankie Sê

Net 'n dankie vir al die oproepe en boodskappies met my pa se afsterwe . Dit word opreg waardeer. Nog 'n dankie.

Hettie Horn



# Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| 11 September | Willie Dreyer |
| 14 September | Heila Le Roux |
| 3 Oktober | Lettie Brand |
| 4 Oktober | Virgie Lavos |
| 6 Oktober | Wilma Dreyer |
| 12 Oktober | Jan Zeelie |
| 12 Oktober | Tinus Strydom |
| 14 Oktober | Jan Viljoen |
| 20 Oktober | Dries Brandt |
| 24 Oktober | Peter Moore |
| 2 November | Sophie Harmse |

# Huweliksherdenking

| | |
|---|---|
| 16 Oktober | Lourens en Beatrix Steyn |
| 21 Oktober | Dries en Martie Brandt |
| 4 November | Kobie en Sophie Harmse |
| 29 November | Johnny en Margaret Randall |

# Kampnuus

## Bloekompoort AJV

## 7 - 10 Augustus 2015

En so het nog 'n jaar verby gevlieg. Dit is al weer AJV tyd. Ons senior burgers was weer bevooreg om vanaf Woensdag saam te kamp, met natuurlik al die bederf wat daarmee gepaart gaan.

Vrydag het die res van ons gearriveer , maar daar is net woonwaens waar jy kyk . Nou eers kyk waar kan jy 'n ou plekkie kry, nes skrop en wag vir die lekker rib burgers wat bedien gaan word. Die gewone Vydag aand ritueel volg en 'n paar mense bly agter en kuier by die vure.

Saterdag oggend vroeg en daar word rond geskarel om die saal en die eet goed reg te kry vir die vergardering. Waar na daar 'n rustigheid oor almal daal en net lekker kuier tot die vergardering drie uur die middag begin. Daar word ook iets te ete aangebied voor die vergadering en almal geniet die ou eet goedtjies , wil net vir Margaret vd Riet dankie sê vir die lekker goedtjies dit was uit die boonste rakke. Gou word die vergardering afgehandel en ons is dankbaar dat ons vereer is met die teenwoordigheid van ons burgermeesters paar, nassionale voorsitters paar, die Presidents paar en die belangrikste, ons lede by die vergadering. Baie geluk ook aan almal wat aansporings en plaatjies gekry het. Ook geluk aan die nuwe bestuur wat verkies is en dankie aan die lede wat hul vertroue in die bestuur plaas.

Satedag aand en daar is weer 'n feesmaal voorbrei deur Hennie van die oord , soos gewoonlik het ons , ons weer trommel dik geëet en daar was nog “12 mandjies kos” oor. Baie dankie ook aan Hennie en sy span vir die hoë gehalte kos wat hulle altyd vir ons voorberei. So lui, lui het van ons mense een, een weg geraak om te gaan slaap want Sondag oggend het daar mos 'n toer groep weggespring die " Blommetoer" Toe was ons wat moes agterbly groen van jaloesie. Ons vertrou hulle het hul toer geniet en almal het veilig tuis gekom.



Die res van die “agtergeblewenis” het maar Sondag gou kerk gehou en die res van die dag net rondgelê en die stilte waardeer, want onthou dit was mos 'n langnaweek, O lekker !

So breek Maandag aan en die realiteit is met ons , ons moet huis toe gaan .Daar word afgesluit en opgepak en huis waarts gekeer.

(Red)











**Lekker "Rib Burgers" Vrydagaand**





**Die kuier voor die vergardering**







**Lekker eetgoed was bedien**













**Die vergadering**



Johnny en Margaret 120 Streek, kampkommandant aansporings en 100% kamp bywoning plaatjies.



Dries en Martie 250 Streek, kampkommandant aansporings en 100% kamp bywoning plaatjies.



Pieter en Bettie Kampkommandant aansporings en 100% kamp bywoning plaatjies.



Johan en Elize het 'n plaatjie gekry vir die nuwe woonwa







**Die skild word toegeken**





**Saterdagaand kuier**



**Die Blommetoer - groep**

# Geskiedenis van Nigel dorp

In die jaar 1882 het 'n boer Petrus Johannes Marais ( Bynaam Oom Lang Piet) eienaar van die die plaas Varkensfontein in die Heidelberg distrik  toegelaat dat 'n prospekteerder by die naam van Johnstone op sy plaas prospekteer.

Die meneer Johnstone het vir 'n geruime tyd in die geheim op die plaas geprospekteer.

Een dag het daar 'n vreemdeling op die plaas opgedaag en vir oom Lang Piet 'n offer gemaak om die plaas te koop.

Toevallig was oom Lang Piet besig om 'n boek te lees genaamt  "The Fortunes of Nigel" geskryf deur " Sir " Walter Scott, die storie het gehandel oor 'n jong man wat gevang was deur 'n skelm slenderry maar het tog nog sy lewensdroom in die lewe bereik.

Met die vreemdeling se besoek was oom Lang Piet klaar al agterdogtig en het besluit om self sy plaas te gaan besoek. Met die besoek aan die plaas het oom Lang Piet sy susppisie bevreedig en gesien daar is dinge aan die gebeur.

Met die karakter in die boek wat hy lees ingedagte het hy besluit hy gaan nie met die selfde slap riem gevang word deur skelm forteinsoekers nie. En hy stig toe vir hom self 'n myn maatskappy.
In Julie 1888 , twee jaar na daar goud in die Witwatersrand area ontdek is het hy ook sy lewensdroom vervul.

Marais het sy geluk toe geskryf aan die boek wat hy gelees het en het sy maatskapy vernoem na Nigel die karakter in die boek. En dit is hoe die dorp Nigel sy naam verkry het.





Die ou "Goldfields" Hotel in die agtergrond, gesien vanaf die ou Nigel goud mynhoop 1934, ( T-aansluiting ," Main road" en Heidelberg "road")



Standard Bank in Nigel 1934



Die Munisipale kantoor 1934, Hoek van Hendrik Verwoerd Straat (Was Commisioner Straat) en Tweede Laan



1934 Hendrik Verwoerd Straat (Was Commisioner Straat)

Bron die internet " Nigel Business Directory"
http://www.nigel.co.za/history.htm

Meer fotos te sien by  http://www.nigel.co.za/gallery.htm



# DIY ( Doen Dit Jou Self)

## Aanmekaar sit van haak







Sodra alle onderdele skoon is en nuwe parte(as dit nodig was) beskikbaar is kan jy nou ligies met ghries onderdele nommer 2 , 3 , 5 , 6 tot 9 aanmekaar sit en eenkant hou.

Smeer nou komponent 1 met ghries in altwee gate sodat deel een (2 tot 9 ) in voorste gat kan inpas en dan moet deel 10 aa, 11, bb, 12 in daardie volgorde gemonteer word. MAAK NET SEKER DELE aa en bb MET 12 IS MOOI IN PLEK EN DEEL 11 KAN ROTEER OP AS TOT SY STOP LINKS EN REGS. Nou kan skokbreker (4) monteer word op (11) met bout (cc). Die agterkant(G) kan met skroewedraaier ingedruk word deur een gat van bout om bout makliker in te kry, maak die boute vas met n bietjie “locktite” want skokbreker is hele tyd besig om te werk vorentoe/agtertoe. As die A raam nou ook skoon is en vry van roes kan

hele trekstang met jou nuwe boute (4 van hulle) vasgemaak word, gebruik n wringkrag van 100 tot 110 nM ( “ torque wrench “ ). Konnekteer weer die staaf van inlooprem en handbriek hefboom.










Die veselglas dop kan nou oorgesit word en vasmaak met pop klinknaels met gewig plaatjie ook. Nou eers kan neuswiel terug gesit word.

Maak kragprop ook oop en kyk of draad konneksies nog reg is, gebruik silikoon sproei om water uit te hou en dit vergemaklik inprop/uitprop . As jy nie die nodige kennis of gereedskap het om sulke take aan te pak is dit veiliger om na woonwa handelaar te gaan en hulle die werk te laat doen.

*(Ingestuur deur Rui Cajada.)*


*(Baie dankie vir die stukkie. Red.)*








# Knutselblad



1- Geel , 2 – Oranje , 3 – Groen , 4 – Pers , 5 – Blou , 6 - Pink



# Humor

Die vliegtuig was oppad na die vertrekpunt op die aanloopbaan toe dit skielik tot stilstand kom, omdraai, en weer al die pad terug ry na die eindbeheergebou toe. Na 'n uur vetrek die vliegtuig toe uiteindelik. Toe hulle in die lug is en die liggie vir die veiligheidsgordels afgaan, vra 'n passasier vir die lugwaardin wat die vertraging veroorsaak het. "Die vlieënier was bekommerd oor 'n geluid in een van die enjins", antwoord die lugwaardin...en dit het ons 'n rukkie gevat om 'n ander vlieënier te kry!!"

---

Koos en sy pel, Jan (wat oorsee studeer by yale) besluit een naweek toe hy kom kuier om te gaan kamp. Hulle het by hulle oord gekom, lekker gebraai, 'n paar doppe gedrink, die tent op geslaan en toe gaan slaap...

Laat die aand maak Koos vir Jan wakker en vra: "Hoori Jan, wat sien jy?" Jan kyk op na die sterre en antwoord: "Wel, astrologies gesproke sê die sterre vir my dat die duiwel is in leo.. Teologies sê die sterre vir my dat dit omtrent 3am is en meteorologies sê die sterre vir my dat more 'n mooi dag gaan wees."

Hy kyk na Koos en vra: "Nou wat sien jy ou pel?" Koos: "Wel, prakties gesproke sê die sterre vir my... iemand het ons bleddie tent gesteel!"

---

# Uit die Kombuis



**HAM-EN-KAASPASTEI**

**Genoeg vir 4**

**BESTANDELE**

**1 x 400g puff pastry, ontdooi**
**1 eierwit, geklits met 2 ml sout**
**Dik skywe ham**
**Dik skywe mozarella- of cheddarkaas**
**Sweet chilli-sous**


**METODE**

**Rol die deeg uit in sirkels of vierkante. Smeer liggies met die sweet chilli-sous en pak 'n paar skywe van die ham en kaas daarop. Smeer van die eierwit aan die kant vou toe en druk die rante met jou vingerpunte of 'n vurk vas. Pak op 'n gesmeerde bakplaat en verf eierwit oor. plaas in die yskas vir 15 minute en bak daarna in 'n voorverhitte oond van 190ºC grade vir 20 minute of tot goudbruin. Bedien warm.**

**WENKE: Jy kan die ham met enige kouevleis of worsies van jou keuse vervang. Jy kan ook die pastei die vorige aand voorberei.**



# Mischa



Hallo almal. Ek moet my leed met julle deel. Ek was ‘n dag in die hospitaal met ‘n maag-aandoening.

Ek was saam met ma en pa by Stable Inn toe ons met Neelsie daar gaan ry het die Sondag na kerk. Ons het te lekker geeët, mams het my ‘n lekker bees stert been gegee om te eet en wat ‘n fout was dit, die been werk nie so lekker met my konstitusie nie. Dit maak dinge toe wat moet oop bly en dit kos toe een aand in die hospitaal. Nou gaan dit beter. Als werk lekker. Ek kry net nie meer ‘n beentjie om aan te peusel nie.

My Lief is: Toe ons by die AJV vergadering gewees het, dit was so lekker om almal weer te sien en Bloekompoort is so ‘n lekker plek en hondjie vriendelik. Dankie oom Hennie.

Groete, snuifies en blaffies.

Tot volgende keer.

Mischa

*(Ingestuur deur Lionel Randall)*

# Smoushoekie

Wil jy braai vanaand, maar jou houtskool of vuuraanstekers is op?
Skakel vir Dries Brandt by telefoon nommer 011 814 6394 of 083 234 9563.
Hy verkoop ook potjieprutters en potjiedekselstaanders.

------------------------

Vir lekker tuis-gebakte klein koekies en beskuit bel vir Mercia Combrink by 0726176999

*( Baie dankie aan tannie Mercia wat aangebied het om 10% van die verkope op 'n kamp aan die jeugfonds te skenk. Red.)*

------------------------

*As jy wil adverteer in die smoushoekie e-pos my by mags.randall@yahoo.com*



# Jaarprogram 2015

| Maand | Datum | Plek | Tarief | Kamp/Kmndt |
|---|---|---|---|---|
| Januarie | 14-15 Snrb 16-18 | Bloekompoort | R215 | Philip en Hettie Horn |
| Februarie | 20 - 22 | Que - Sera | R215 | Lionel ,Mynah, Johnny en Margaret Randall |
| Maart | 20 - 22 | Sionbergh | R375 | Hennie, Mercia Combrink, Lukas en Annetjie vd Merwe |
| April | 3 - 6 | Presidente | R760 | |
| Mei | 15 - 17 | Stable Inn | R215 | Doodies ( Jackie en Margaret ) |
| Junie | 12 - 16 | Gebied Warmbad | R1350 | |
| Julie | Geen | | | |
| Augustus | 5 - 6 Snrb 7 - 10 | Bloekompoort | R315 | Bestuur |
| September | 24 - 27 | Nasionaal | R460 | |
| Oktober | 23 - 25 | Stable Inn | R215 | Virgie en Jackie Lavos |
| November | 11 - 12 Snrb 13 - 15 | Bloekompoort | R215 | Johnny,Margaret,Lionel ,Mynah Randall & Jan ,Daleen Viljoen |

dsp
Dynamic Signs & Print cc

011 811 5477
dsp.print@gmail.com
www.dspdotprint.co.za
www.facebook.com/dsp.print

**Copy Centre**
High Volume Copying
Laminating & Encapsulation
Stamps & Frames
Binding - Ring, Wire,
Punch & Perfect

**Silk Screening**
ABS, Correx & Chromodek
Licence Discs,
Stickers & Labels
Shirts, Overalls,
Bags & Caps

**Printing**
Graphic Design
Flyers & Business Cards
Letterheads, Comp-slips,
Books, Invitations,
Stickers & Labels

**Signage**
Correx & Chromodek
Vehicle Signage,
Vehicle Wraps
Shopfronts & Light Boxes

**Digital Printing**
Posters, Banners, Canvas
Pull-Up Banners

**Other**
Sandblasting &
Lazer Engraving

60 YEARS OF SERVICE TO THE CAMPING COMMUNITY



CAMPWORLD
**Clarendon Campworld cc**
**Springs**

JURGENS · SAFARI · Gypsey Distinctly different · Sprite · HOWLING MOON

Clarendon Caravans & Camping (Pty) Ltd, 49 Geduld Rd, Geduld Ext. Springs
Tel: 011 811 9900/1/2, Fax: 011 811 3270, P.O.Box 15575, Riverfield, 1564
Co Reg. no. 1968/03646/07 Director: Gert Scheepers - 082 820 8400
Sales: Johan Viljoen 073 788 4358